

**Die maagdelike ontvangenis van Jesus
Christus: Opmerkings oor
'n belangrike debat**

J J Engelbrecht
Universiteit van Pretoria

Abstract

The virginal conception of Jesus Christ: Remarks on an important debate

Although not completely neglected, the current day discussion elsewhere in the world about the virginal conception of Jesus Christ seemingly does not receive much attention in the Afrikaans churches in South Africa. With special reference to publications of a few foreign New Testament scholars, this article is aimed at stimulating this debate and dialogue between New Testament and systematic theologians.

1. VOORLOPIGE OPMERKINGS

Voordat ons begin om na die interpretasies van 'n paar eksegete te kyk, kan dit gedagteprikkelend wees om eers oor hierdie tema 'n paar vrae te stel waarop sinvolle antwoorde gesoek sal moet word. Vrae soos byvoorbeeld die volgende:

- * Om watter rede is die sogenaamde maagdelike geboorte vir Matteus en Lukas belangrik, en waarom is dit so belangrik vir die kerk dat dit in die Apostolicum opgeneem is? Is dit vir hierdie evangeliste en vir die kerk om dieselfde rede of redes belangrik?
- * Is daar iets in die kerklike belydenisskrifte, of in die kerkwet, wat verbied dat kritiese vrae oor hierdie saak gestel word?

- * Is daar in die geleedere van die Nuwe-Testamentici, en veral die eksegete, eenstemmigheid oor die interpretasie van hierdie tekste? As daar verskille is, wat is die belangrikste verskille, en wat is die konsekwensies daarvan?
- * Is dit van wetenskaplike en kerklike belang dat aan hierdie kwessie kritiese aandag gegee word?
- * Hoeveel van die moontlike problematiek rondom die saak mag of behoort aan die nie-teologies opgeleide lidmate deurgegee te word, en indien wel, wanneer en op watter manier? Deur middel van prediking, kategeese, huisbesoek of by wyse van publikasies in kerklike tydskrifte?
- * Daar kan geargumenteer word dat die Matteus- en Lukasevangelie vertellings is en dat dit dus nie in hierdie evangelies gaan om 'n geskiedenisboek waarin historiese feite vermeld word nie. Dit mag waar wees dat hierdie evangelies vertellings is, en nie geskiedenisboeke nie, maar dit neem nie weg dat die hoofkarakter in hierdie vertellings 'n historiese figuur was in die sin dat daar so iemand soos Jesus van Nasaret was met alles wat dit impliseer nie. Hy het in Palestina opgetree, heelwat invloed gehad, teenstand ontlok en Hy sterf aan 'n kruis. As dit vir die geloof nie 'n struikelblok is om te aanvaar dat hierdie Jesus, nadat Hy werklik dood was weer lewendig geword en aan talle mense verskyn het en dat Hy nou na bykans twee millennia lewe en oor kerk en wêreld regeer nie, om watter rede is dit dan so 'n struikelblok om saam met Matteus en Lukas te glo dat Hy uit 'n maagd gebore is? Of het hierdie evangeliste dit nie geglo nie en was hulle bedoeling ook nie dat die lesers die vertelling letterlik moet opneem nie? Indien hulle dit nie geglo het nie, wat was en is dan die bedoeling van die verhaal? Volgens Frör (1961:286-288) verskil die vertellings van die twee evangeliste in meer as een opsig van mekaar, maar beskou hulle albei beslis die maagdelike geboorte as 'n historiese feit.
- * Was dit vir Matteus en Lukas belangrik dat Jesus uit 'n maagd gebore is? Of was dit 'n kwessie van dat hulle daarvan oortuig was dat Hy 'n bepaalde roeping van God ontvang het? Is die vertelling oor die maagdelike geboorte en die ontvangenis deur die Heilige Gees dus net 'n literêre tegniek van hierdie skrywers? Indien dit die geval is, was dit in hulle tyd aanvaarbaar om hierdie roepingsgedagte op so 'n wyse met hulle lesers te kommunikeer? Maak die wyse waarop dit vertel is, deel uit van 'n verouderde wêreldbeeld wat nie meer vir die moderne leser relevant is nie? Of gaan dit vir Matteus en Lukas oor die saak, naamlik sy roeping? Moet ons dus sê dat die maagdelike ontvangenis alleen geldig bly omdat die saak waaroor dit gaan, Jesus se roeping, vir ons steeds geldig is? Vergelyk byvoorbeeld wat Daniel Patte in hierdie verband sê:

For Matthew, information about what happened in a situation, a correct knowledge of the facts and the circumstances, is not one of the primary requirements for correctly fulfilling a vocation, that is, for doing the right thing. This knowledge might be helpful, but it remains secondary. It is another kind of knowledge or perception of the situation which is essential for Matthew.

(Patte 1987:25)

2. 'N PAAR STANDPUNTE

Vervolgens word kernagtig kennis geneem van 'n aantal opmerkings van Patte (1987), asook van Dunn (1987) en Brown (1979). Dit word gevolg deur 'n paar siotopmerkings.

2.1 Daniel Patte

Om beter te begryp hoe Patte by sy eksegetiese gevolgtrekkings uitkom, is dit nodig om kortliks te let op wat hy self oor sy metode sê. In sy *The Gospel according to Matthew: A structural commentary on Matthew's faith* wil Patte (1987:5) hom hou aan 'n paar reëls wat afgelei is van Greimas se semiotiese teorie:

In itself this theory is quite involved – as can be expected for a fundamental theory that describes the rules governing the generation of meaning in any discourse. Without this theory one could not conceive the methodology I shall follow. But this methodology in itself can then be readily understood by reflecting quite concretely on the character of Matthew's Gospel.

Patte wys eerstens op wat hy die 'voor die hand liggende' noem, naamlik dat die *Evangelie volgens Matteus* 'n religieuse teks is. Hy stel dan dat een van die belangrikste funksies van 'n religieuse teks is om geloof aan die lesers te kommunikeer, óf om die geloof wat die lesers reeds het, te versterk óf om 'n nuwe soort geloof aan hulle oor te dra. Die geloof wat 'n teks wil oordra is die geloof van die outeur. Dit kan aanvaar word dat Matteus, deur die skryf van sy evangelie, sy eie geloof wou kommunikeer en dat hierdie geloof hom spontaan gelei het om in sy uiteensetting die patroon van sy sisteem van oortuigings ('his system of convictions') te volg.

Dikwels sê ons nie net wat ons wil kommunikeer nie, maar dui ons, om alle dubbelsinnigheid te vermy, ook aan wat ons nie wil sê nie. Teenstellings (*oppositions*) wat in die teks geplaas word, is die primêre wyse waarop sulke oortuigings tot uitdrukking gebring word. Die outeur wil immers nie die risiko loop

om verkeerd verstaan te word nie. Om die oortuigings (*convictions*) of hoofpunte wat deur die teks oorgedra word, te identifiseer, moet die teenstellings wat dit tot uitdrukking bring, gevind word.

In enige teks kan talle soorte teenstellings raakgelees word. Watter van hierdie teenstellings gee uitdrukking aan die outeur se oortuigings? Eerstens moet onderskei word tussen *implisiete* teenstellings en *eksplisiete* teenstellings. Implisiete teenstellings wat die leser uit sy eie kan raaksien en waaroor hy self kan besluit watter een van die twee moontlikhede hy wil kies, kan nie noodwendig beskou word as die direkte uitdrukking van wat die outeur glo nie. Die outeur laat immers die leser die vryheid om self die teenstellings te kies en die konnotasies daarvan met behulp waarvan die teenstellings in die teks geïnterpreteer behoort te word, te identifiseer. Slegs *eksplisiete opposisies*, dit wil sê opposisies of teenstellings wat volledig in die teks tot uitdrukking kom, kan beskou word as 'n direkte uitdrukking van die outeur se oortuigings.

Oortuigings word deur middel van semantiese teenstellings (*semantic oppositions*) tot uitdrukking gebring, dit wil sê, deur middel van teenstellings wat die konnotasies spesifiseer in terme waarvan 'n situasie, 'n persoon, 'n frase of 'n woord verstaan behoort te word. Byvoorbeeld, as in 'n geskrewe stuk 'berg' uitdruklik met 'tempel' gekontrasteer word, kan 'berg' dalk verstaan word as 'n ander plek waar 'n mens in die teenwoordigheid van God kan wees. Deur middel van sulke konnotasies word spesifieke wêreldbeelde, opvattinge oor die mens se verhouding met die Goddelike, oor die menslike samelewing, oor die doel en betekenis van die lewe, ensovoorts, tot uitdrukking gebring. Al die verskillende oortuigings wat in 'n geskrif tot uitdrukking kom, is egter nie noodwendig ewe belangrik vir die outeur nie.

Narratiewe teenstellings (*oppositions*), daarenteen, dui aan watter semantiese uitdrukkings uitdrukking gee aan die oortuigings wat die mees karakteristieke van die outeur se geloof is. *Narratiewe kontraste*, anders as semantiese kontraste, is kontraste (*oppositions*) van handeling. Narratiewe kontraste het 'n ander rol as semantiese kontraste. In 'n verhaal is dit narratiewe kontraste wat die verhaal laat vorder en wat die 'overall organization' van die verhaal verskaf – die narratiewe struktuur. Sonder die misdaad van 'n skurk, byvoorbeeld, sou daar geen behoefte wees vir die kontrahandeling van 'n held wat die oortreding van die skurk probeer teenwerk nie. Narratiewe kontraste reflekteer dus dié outeur se geloof op 'n direkte wyse in 'n verhaal.

Dit kan gestel word dat die basiese oortuigings wat die geloof van 'n outeur karakteriseer, dié is wat tot uitdrukking gebring word in die narratiewe kontraste en die semantiese kontraste wat daaraan verbind word (vgl Patte 1987:5-8).

Die hydrae wat Patte deur middel van hierdie kommentaar wil maak, is beperk tot die verduideliking (*elucidating*) van die oortuigings wat Matteus in elke perikoop tot uitdrukking bring asook *hoe* dit tot uitdrukking gebring word deur die tematiese kenmerke van die betrokke perikoop. In die lees van die evangelie van Matteus kry die leser toenemend 'n spesifieke voorstelling van die Christelike geloof. Hy/sy ontdek die rykdom van Matteus se geloof in die goedheid van die Here. Hierdie geloof word egter nie sistematies uiteengesit nie en baie vrae daarvoor word nie gestel nie. Dit sou die aandag aflei (vgl Patte 1987:13 i v m die strukturalistiese metode van eksegeese, vgl ook Patte 1979).

Oor die eksegeese van *Matteus 1:1-25* maak Patte (1987:16-28) onder andere die volgende opmerkings:

Met die eerste oogopslag mag dit lyk asof die geslagsregister van Jesus Christus (Mt 1:1-17) en die geboorteverhaal (Mt 1:18-25) twee duidelik onderskeibare dele van die boek vorm. Spoedig blyk dit egter dat die twee dele as 'n eenheid gelees moet word. Dit handel oor een tema, naamlik die oorsprong van Jesus, soos gesugereer word deur die gebruik van dieselfde woord, *genesis*, om sowel die genealogie as die geboorte van Jesus mee aan te dui. *Matteus 1:1-25* vorm dus 'n eerste tematiese seksie van die Evangelie wat op sigself bestudeer kan word.

In hierdie gedeelte is daar twee duidelike narratiewe kontraste of teenstellings (*oppositions*): In *Matteus 1:19-20a* stel die teks Josef se plan om van Maria te skei ('n negatiewe aksie), teenoor die positiewe handeling, naamlik om Maria sy vrou (na sy huis toe) te neem. In *Matteus 1:20b*, daarenteen, stel die teks twee soorte optredes in verband met die konsepsie van Jesus teenoor mekaar: Die konsepsie deur die Heilige Gees (wat reeds plaasgevind het), en Josef wat met sy vrou gemeenskap gehad het voordat sy aan 'n seun geboorte gegee het (die handeling wat Josef nfe verrig het nie). Vir *Matteus* is daar dus twee essensiële gebeure in die verhaal: a) die *aanneming* van Jesus deur Josef, wat beteken dat hy, deur Maria as sy vrou te neem, sy (Josef se) naam aan Jesus gegee het en ook die verantwoordelikheid daarvoor aanvaar het om Hom (Jesus) sy naam te gee ('he was giving his name to Jesus as well as taking the responsibility of naming him' [1:25]); en b) die wonderbaarlike *konsepsie*. 'n Gepaste aanduiding, aangesien dit 'n buitengewone konsepsie is wat bonatuurlike intervensie meebring (*involves*). Die kwessie van Josef se verhouding met Maria en die afloop daarvan, naamlik die *aanneming*, veronderstel met ander woorde die wonderbaarlike konsepsie wat reeds in *Matteus 1:18* genoem is. Die teks self toon dus dat vir *Matteus*, en nie net vir ons met ons vooronderstelling nie, die mees fundamentele punt (*conviction*) van die verhaal verband hou met die wonderbaarlike konsepsie, hoewel die teks nie beskryf hoé die bonatuurlike ingrype plaasgevind het nie.

A preliminary examination of the narrative oppositions, taking into consideration the consequences of the positive and the negative actions, begins to show what is at stake in them. On the one hand, if Jesus had been conceived by Joseph, he would be an ordinary human being; the text emphasizes that he is out of the ordinary, special, just as his conception was extraordinary, since it involves a supernatural intervention which disrupts the natural, human way of begetting children. On the other hand, if Joseph had divorced Mary, Jesus could not be properly (i.e. legally) recognized as 'son of David' by the angel (1:20). In sum, through the theme developed in 1:1-25, Matthew aims at presenting to his readers Jesus as an extraordinary 'son of David', as the Christ.

(Patte 1987:17)

2.1.1 Matteus se oortuigings in Matteus 1:1-25

Naas die identifikasie van die hooftema in Matteus 1:1-25, het ons ook die doel om te ontdek watter oortuigings Matteus aan sy lesers wou oordra deur die ontwikkeling van sy tema. Of, om dit anders te stel, wat die punte is wat Matteus in die teks maak. Tematiese gedeeltes, dit wil sê, gedeeltes wat nie enige narratiewe opposisies betrek nie, dra op 'n ander manier ook die oortuigings van die outeur oor. In hierdie soort gedeeltes word oortuigings tot uitdrukking gebring in terme van 'die lesers se bestaande kennis' soos die outeur dit sien. Die outeur se eie oortuigings, dit wil sê, die dinge wat vir die lesers nuut is, word bekend gemaak deur die spanninge (*tensions*) wat veroorsaak word deur die outeur wat eie oortuigings (nuwe inligting) by die bestaande kennis van die lesers voeg.

2.1.2 Matteus 1:1-17: Die geslagsregister van Jesus, die Christus, die Seun van Dawid en van Abraham

Daar is geen narratiewe opposisie in Matteus 1:1-17 nie, wat aandui dat Matteus veronderstel dat sy lesers bekend is met Bybelse geslagsregisters en dat hulle die assosiasie van Jesus met so 'n geslagsregister sinvol sal vind. Van die begin af is Matteus se hand egter sigbaar in die wyse waarop hy doelbewus die lesers se bestaande kennis in 'n nuwe vorm giet.

Hoewel dit nie dadelik sigbaar is nie, word die ganse geslagsregister fundamenteel gekenmerk deur Goddelike ingrypes. In normale voortplantings kan die rol van God miskien misgekyk word, ja selfs in meer ongewone gevalle wat aangedui word deur die rol van die vier vroue. Nou is die Goddelike ingrype egter baie duidelik, te danke aan die buitengewone geboorte van Jesus. Die volgende verse dui aan wat die aard en doel van hierdie Goddelike ingrypes is.

2.1.3 Matteus 1:18-25: Jesus se geboorte en sy aanneming deur Josef

In hierdie gedeelte kom die mees fundamentele sake na vore. Hoe verstaan Matteus vir Jesus volgens hierdie verhaal? Dit is opvallend dat Jesus in Matteus 1:21 nie gekarakteriseer word in terme van sy wese of natuur nie, maar in terme van wat hy sal doen, sy roeping: *Hy sal sy volk van hulle sondes verlos.*

Die resultaat van die wonderbaarlike ontvangenis is dus 'n persoon met 'n bepaalde roeping en dit is in lyn met die logika van die res van die teks. Deur 'n verband te lê tussen die wonderbaarlike ontvangenis en die geslagsregister bring die teks tot uitdrukking dat die kinders van Dawid en Abraham

are not primarily characterized by a certain being, a certain nature, or a certain kind of descentance – since one can be a son of David either through a biological descentance (as Joseph is, 1:20) or through a special intervention of God (as Jesus is). They are characterized as owing their origin to God.

(Patte 1987:21)

As jy jou oorsprong aan God te danke het, beteken dit dat jy 'n spesifieke roeping ontvang het – soos Jesus se roeping dan is om sy volk van hulle sondes te verlos.

2.1.4 Matteus 1:19-20a, 24

Die narratiewe opposisie tussen die *skei* van Maria (Mt 1:19) en die *neem* van Maria as sy vrou (Mt 1:20a, 24), behoort ons te help om die tema van roeping beter te verstaan. Wat is die kenmerke van iemand wat 'n Godgegewe roeping vervul? Let op die volgende: As Josef Maria as sy vrou neem, word hy beskryf as 'seun van Dawid'; iemand wat vreesloos (Mt 1:20) die bevel van die engel van die Here gehoorsaam (Mt 1:24). Wanneer Josef egter van Maria wil skei, word hy beskryf as 'haar man'; 'regverdig'; 'onwillig om haar in die skande te laat kom' (Mt 1:19).

Volgens Patte gaan dit dus hier om drie sake:

- (a) Josef se status: òf seun van Dawid òf eggenoot;
- (b) die rede vir optrede: òf die bevel van die engel van die Here òf Josef se regverdigheid; en
- (c) 'n persepsie van die wyse waarop die situasie mense beïnvloed: òf as iets wat nie te vrese is nie òf as iets wat potensieel verleentheid kan veroorsaak (*shameful*).

Josef weet ten minste dat Maria swanger is, maar Matteus spesifiseer nie wat Josef alles weet nie. Het hy geweet Maria swanger was danksy wonderbaarlike ingrype, of het hy gedink dat sy aan hom ontrou was? Die feit dat die engel sê dat sy swanger is danksy die werk van die Heilige Gees, sê nie hoe Maria swanger geraak het nie. Dit sê bloot dat wat met haar gebeur het, nie iets skandelik of onreins is nie, maar te danke is aan die Helige Gees, en dus heilig is.

For Matthew, information about what happened in a situation, a correct knowledge of the facts and the circumstances, is not one of the primary requirements for correctly fulfilling a vocation, that is, for doing the right thing. This knowledge might be helpful, but it remains secondary. It is another kind of knowledge or perception of the situation which is essential for Matthew.

(Patte 1987:25)

Dit is belangrik om raak te sien dat Matteus nie beskryf hoé die wonderbaarlike ontvangenis plaasgevind het nie en dat hy ook nie aandui hoe Josef die gebeure vir homself voorgestel het nie. Wat nodig is, is die korrekte evaluering van die situasie, dit wil sê, die korrekte persepsie van die waarde wat aan die situasie geheg word ('it is the correct perception of the value that characterizes the situation') – of dit goed of sleg is, heilig of skandelik. Dit is die basis vir korrekte optrede (Patte 1987:26). Wat betref die opposisie tussen die konsepsie deur die Heilige Gees (Mt 1:20b) en Josef wat gemeenskap met sy vrou het, dit wil sê, die handeling wat Josef nie verrig het nie (Mt 1:25), die volgende:

Eerstens: Die Goddelike word gedefinieer in terme van *heiligheid*, dit wil sê, in terme van 'n waarde (die hoogste euforistiese waarde) eerder as in terme van wese (*being*) (dit wil sê, God se hoogste mag in 'n mirakelverhaal). Dit maak dit vir ons moontlik om die uitdrukking 'God met ons' 'n bietjie beter te verstaan. Die teenwoordigheid van God, wat dit ook al nog anders mag beteken, is hier ten minste die teenwoordigheid van die Heilige.

Tweedens: Hoewel die Goddelike intervensie *beslissend* is, is dit nie in sigself *volledig* nie. Die wonderbaarlike konsepsie word afgerond (*complemented*) deur die adopsie van Jesus deur Josef. Hoewel die rol van Goddelike ingrype in mensesake nou bo alle twyfel is in die wonderbaarlike konsepsie, skakel dit nie die rol van mense uit of gaan die rol van mense verby nie. Die doel van God se handeling – dat Jesus, die seun van Dawid, die Christus sal wees wat sy volk sal verlos en die openbaring van die Heilige tussen ons sal wees – word slegs verwerklik omdat Josef 'n roeping gekry, dit aanvaar, en uitgevoer het. Let daarop dat dit Josef is wat die essensiële rol het om die kind 'Jesus' te noem (Mt 1:21, 25). Beteken hierdie waarneming dus dat Matteus dit as 'n fundamentele patroon beskou waarvolgens Goddelike intervensies eers kompleet is wanneer mense hulle roeping nakom om dit te realiseer? Met ander woorde, beteken dit dat Goddelike ingrype aangebied word slegs as moontlikhede wat deur mense geaktualiseer moet word (vgl Patte 1987:27-8)?

2.2 J D G Dunn

Die eerste twee hoofstukke van Matteus en Lukas vertel die verhaal van Jesus se geboorte. In die twee weergawes is daar talle verskillende elemente en gesigshoeke, maar albei fokus op dieselfde aanspraak – die maagdelike geboorte van Jesus. Of om meer presies te wees: Die konsep van Jesus deur Maria toe sy nog 'n maagd was. Volgens Matteus besef Josef dat sy verloofde swanger is voordat hulle geslagsgemeenskap gehad het. Tog skei hy nie van haar soos hy van plan was nie, omdat 'n engel hom aanspreek as 'Josef, seun van Dawid' en hom verseker dat wat in haar verwek is, van die Heilige Gees afkomstig is (Mt 1:20), sodat die profesie van Jesaja 7:14 so vervul word (Mt 1:23).

In Lukas word Maria voor haar swangerskap deur 'n engel meegedeel dat sy swanger sal raak en 'n seun in die wêreld sal bring (Lk 1:32-35).

Nou kom uiters sensitiewe kwessies ter sprake, want hier gaan dit om 'n element van die Nuwe-Testamentiese verslag oor Jesus wat 'n vaste deel van die Christelike geloof geword het – die belydende bevestiging (*credal affirmation*) deur alle Christene dat *Jesus ontvang is van die Heilige Gees en gebore (is) uit die maagd Maria*. Watter ruimte is daar oor vir dialoog?

Dialoog is onvermydelik. Wanneer daar weer eens gepoog word om hierdie tekste in hulle oorspronklike konteks te plaas, blyk dit dat daar 'n element van onsekerheid is en duik sekere vrae op. Die sleutelkwessie is die status van die geboorteverhale self: Was hulle bedoel as direkte historiese vertellings of as iets anders? Indien laasgenoemde, hoeveel daarvan was bedoel om historiese feite weer te gee? Dit moet weer eens beklemtoon word dat om sulke vrae te vra, nie beteken dat belydenisse wat daaruit voortvloei ontken of verwerp word nie. Dit is eerder so dat, net soos in die geval van Kolossense 1:15-20, dit gaan om 'n kontrole oor hoe volkome of duidelik die stelling in die belydenis daarin geslaag het om die aanspraak wat die twee evangeliste maak, tot uitdrukking te bring (Dunn 1987:65-66).

Volgens Dunn het Raymond Brown, 'n Roomse teoloog, se *The birth of the Messiah* en ander publikasies groot hulp verleen aan die verstaan van die verhouding tussen wetenskap en die geloof. In genoemde boek van Brown lei noukeurige eksegetiese analise tot die volgende historiese gevolgtrekkings:

- * Agter sowel Matteus as Lukas se verhale lê die vroeë Christelike oortuiging dat Jesus die Seun van God is, verwek deur die Heilige Gees (*begotten by*). So ook die tradisie dat 'n engel die geboorte van die Dawidiese Messias aangekondig het. Reeds in die pre-evangelie tradisie, waaruit beide evangeliste put, is die twee beklemtonings (*emphases*) gekombineer: Jesus is *seun van Dawid*, en nog belangriker, *Seun van God*.

- * Die tradisie aangaande Jesus se Dawidiese herkoms is goed gefundeerd: Dit word altyd as vanselfsprekend aanvaar en is klaarblyklik nooit ernstig bevraagteken nie, terwyl die alternatiewe Messiaanse aanspraak van priesterlike herkoms vanaf Levi of Aäron blykbaar nooit oorweeg is nie. Die profesie van Jesaja 7:14 wat deur Matteus gebruik is (... 'n jongvrou (*maagd*) sal swanger word), het hoogs waarskynlik *nie* daartoe aanleiding gegee dat die Christelike geloof aan Maria se maagdelike swangerskap met Jesaja ontstaan het nie, maar het hoogstens uitdrukking gegee aan 'n Christelike geloof wat reeds bestaan het. Op grond van dieselfde nougesette historiese eksegetiese, skep ander elemente van die geboorteverhale egter 'n ietwat ander indruk.
- * Die geboorte in Betlehem word histories onseker: Daar is geen stawende getuienis in die res van die Nuwe Testament vir die twee weergawes nie; en daar is positiewe getuienis dat Nasaret en Galilea beskou is as Jesus se tuisdorp en geboortestreek.
- * Lukas se berig oor 'n sensus onder Sirenius tydens die bewind van Herodus die Grote is byna seker histories onjuis. Daar was 'n sensus onder Sirenius, maar dit was van Judea (nie van Galilea nie), en het plaasgevind in 6-7 n C (Dunn 1987:66-67).

Vir ons doel is dit belangrik dat noukeurige navorsing toon dat daar op eksegetiese gronde 'n sterk moontlikheid is dat die verhale oor Jesus se ontvangenis en geboorte nie as geskiedenis sonder meer beskou moet word nie – ten minste wat 'n groot deel daarvan betref. Ons moet dus nie vandag die geboorteverhale lees in terme van ons norme vir historiografie waar 'n hoë premie geplaas word op presiesheid en akkuraatheid van detail nie. Ons moet eerder poog om die geboorteverhale te lees in terme van antieke historiografie, waar 'n groter mate van artistieke vryheid nie alleen geoorloof was nie, maar verwag en waardeer is. Of miskien selfs in terme van goeie storievertelling, waar uitbouing van 'n bepaalde tema met ryk geborduurde detail die aard van die genre was. As die evangeliste en hulle tradisie dan sulke artistieke tegnieke (*devices*) gebruik het, soos dit vir ons lyk, moet ons konkludeer dat hulle nie bedoel het om, wat ons as werklike (*straightforward*) geskiedenis beskou, te skryf nie. Dit is net so belangrik om in gedagte te hou dat die oorspronklike lesers wat goed bekend was met die betrokke genre, die verhale in die lig daarvan sou gelees en verstaan het, en nie as 'n gedetailleerde uitbeelding van werklike gebeure nie.

Miskien sal dit meer korrek wees om die geboorteverhale van Matteus en Lukas te vergelyk met die moderne historiese novelle wat outentieke historiese kleur en histories aanvaarbare omramings gebruik, maar met vryheid wat die besonderhede betref,

to make a claim in terms which the intended readers would understand and whose character they would appreciate. But if that is the case, then for us today to insist that the narratives should be taken as straightforward historical accounts is to mishear and misunderstand them – at least in the way they were intended to be heard and understood. Indeed, so to insist, (that they must be taken as factually accurate history) would be to abuse and distort their intended meaning and message.

(Dunn 1987:67-68)

Maar wat dan van die sentrale aanspraak, ten minste sentraal volgens die belydenis, dat Jesus ontvang is van die Heilige Gees en gebore is uit die maagd Maria? Dit is nie onmoontlik dat hierdie besonderhede ook deel was van die vroeg-Christelike manier om te stel dat Jesus nie net 'n seun van Dawid was nie, maar ook Seun van God, en dat Hy dit was vanaf sy ontvangenis en geboorte.

Eksegeties is die saak egter nie so duidelik as wat dit tot dusver mag geklink he' nie. Enersyds is daar in ander vroeg-Christelike tradisies geen aanduiding van 'n bewussyn van so'n ontvangenis en geboorte nie. Waar Maria in die ander evangelies verskyn, is daar byvoorbeeld geen aanduiding dat sy so iets onthou het nie (Mk 3:31-35; Jh 2:3-4). Andersyds is daar tog 'n soort suggestie dat, tydens Jesus se openbare optrede, daar 'n sekere openbare bewussyn was van iets vreemds of onreëlmatigs in verband met Jesus se geboorte wat die grond geword het vir die aanklag van buite-egtelikheid. Dink hier aan Markus 6:3 – om iemand na sy moeder te noem, impliseer dat sy vader onbekend was en dat hy dus buite-egtelik is – en Joh 8:41 – die protes van die Jode, *ons is nie uit owerspel gebore nie*. Brown self konkludeer '*that the scientifically controllable biblical evidence leaves the question of the historicity of the virginal conception unresolved*' (Brown 1979:527; my beklemtoning; kyk ook Dunn 1987:68;).

Daarenteen is daar oorfloedige getuienis dat dit 'n goedgevestigde en algemeen aanvaarde praktyk was om iemand, wat as besonder spesiaal beskou is, se geboorte voor te stel as iets bonatuurliks. In buite-Bybelse literatuur, maar ook in die Ou Testament, is daar voorbeelde hiervan. Dink byvoorbeeld aan Isak (Gen 17:17; Rom 4:19). Eksegeties bly die moontlikheid dus oop dat die berig oor die maagdelike ontvangenis van Jesus nie bedoel was as 'n beskrywing van 'n historiese feit nie, maar as 'n Christelike variant op die konvensie dat die oorsprong van epogmakend belangrike persone in bonatuurlike terme voorgestel moet word.

Dunn stel dit duidelik dat sulke moontlikhede oorweeg kan word sonder om die inspirasie en gesag van die Bybelse teks te bevraagteken. Intendeel, die hele motivering vir 'n histories geörienteerde eksegesis is om die Bybelse teks in sy

oorspronklike terminologie te hoor, om te hoor wat die outeur wou sê, om te hoor wat die oorspronklike lesers, gelei deur die Heilige Gees deur middel van die teks, gehoor het:

The insistence that a text can be heard with only one of the meanings within a broader range of meaning which the author intended is not to defend or safeguard the inspiration and authority of the text, but to impose on the text a criterion of judgement drawn from outside it and usually considerably subsequent to it. If an author wrote within both the constraints and liberty of current idiom and genre, then we do him most respect when we hear him in those terms, even if it means that we cannot, as in this case, assert a clear-cut dogmatic conclusion from what he has written.

(Dunn 1987:69)

Dat die evangeliste wou hê dat hulle lesers moet glo dat Jesus van die begin van sy lewe op aarde af die seun van Dawid en die Seun van God was, is duidelik. Maar dat hulle hierdie aanspraak aangebied het in midrash, simboliese of poëtiese vorm, eerder as in die vorm van 'n harde (*straightforward*) historiese feit, is heeltemal moontlik en kan beslis nie uitgeskakel word nie.

Vervolgens vra Dunn (1987:70) watter verskil die voortgang van die dialoog in die huidige debat sal maak. Hy vra of die Nuwe Testament, in sy oorspronklike betekenis, die agenda vir die voortgaande dialoog en die resultaat daarvan volledig vasgelê het. Die daaropvolgende ontwikkeling van die Christelike dogma sou antwoord: Nee! Deur sy gesaghebbende uitsprake, wat deur die meeste Christene as sodanig aanvaar word, het die kerk geoordeel dat die beskouing oor die geboorteverhale, wat nie deeglik gefundeer is op historiese eksegesi of volkome in ooreenstemming met die bedoeling van die outeurs is nie, nogtans die geloof van die kerk is. In hierdie verband stel Brown in 'n ander publikasie (Brown 1986:35-37; vgl Dunn 1987:70, 80) dit duidelik dat hy nie alleen Nuwe-Testamentikus is nie, maar ook Roomse geleerde. Enersyds sien hy dat in die geboorteverhale nie alle gegewens histories is nie, en dat die beskouing dat Jesus se Godseunskap spruit uit 'n maagdelike ontvangenis wat in die Nuwe Testament 'n minderheidsbeskouing is. Andersyds beklemtoon hy egter ook sterk dat die kerk hierdie dubbelsinnigheid en onsekerheid van die Bybelverhale uitgeskakel het en die gesaghebbende verklaring van hierdie tekste gegee het.

Maar, vra Dunn, laat dit reg geskied aan die *sola Scriptura* van die Reformatoriese protes teenoor die Roomse beskouing van voortgaande tradisie-ontwikkeling?

Here too, then, as with Col. 1.15-20, the question arises as to whether, in a debate about the incarnation where the concerns are the same but the conceptualities are different, it might not be more appropriate to dialogue directly with the original and seemingly more flexible scriptural texts. Not in disregard for the credal formulae, but in recognition that their tighter formulation may be less relevant to the different dialogue of the twentieth century and may in consequence actually obscure and confuse the doctrine of the incarnation for today rather than clarify or defend it.

(Dunn 1987:71)

2.3 R E Brown

In die voorafgaande bondige vermelding van Dunn se argumente en standpunte is reeds kennis geneem van sekere uitsprake van Brown en dit moet dus saam met die volgende gedeelte in berekening gebring word.

In 'n appendix oor die maagdelike ontvangenis of konsepsie, stel Brown dit duidelik dat hy nie beweer dat Matteus en Lukas die maagdelike ontvangenis bloot as 'n simbool aangebied het en onverskillig gestaan het teenoor wat werklik plaasgevind het nie. Hy dink dat albei evangeliste die maagdelike ontvangenis as histories beskou het, maar die moderne klemtone oor wat as histories kan geld, vir hulle nog vreemd was. Vir hulle was die primêre belang van die maagdelike ontvangenis teologies, en meer spesifiek, Christologies. Nogtans kan ons as moderne mense sins insiens nie die vroeë na historisiteit sonder meer ignoreer nie. Dit sou onverantwoordelik wees.

Brown verkies die term *maagdelike ontvangenis (virginal conception)* bo *maagdelike geboorte*. Die eintlike vraag is nie hoe Jesus uit die baarmoeder gekom het nie, maar die wyse waarop Maria swanger geraak het. Is Hy verwek sonder die toetrede van 'n menslike vader, dit wil sê sonder manlike saad wat sy moeder bevrug het? Tweedens vermy hy die term *maagdelike geboorte* weens die implikasies wat dit vir die kerklike belydenis het. Die ou belydenisse was geneig om te praat van Jesus as *gebore uit die maagd Maria*. Die skrywers van hierdie belydenisse het sekerlik gedink dat Jesus maagdelik ontvang is, maar dit is nie duidelik dat wat hulle geformuleer het as 'n essensiële element van die Christelike geloof, die *biologiese* wyse van Jesus se ontvangenis was nie. Die uitbreiding van die ou belydenisse deur 'n gekombineerde verwysing na die geboorte uit die maagd Maria en die dood onder Pontius Pilatus was, ten minste gedeeltelik, om wal te gooi teen 'n dwaling wat die egtheid van Jesus se menslike natuur bevrugte het. Daardie menslikheid is bevestig deur historiese verwysings na sy geboorte en dood (vgl Gal 4:4). Dit wil die historisiteit van Jesus beklemtoon – 'n veel wyer vraag as die historisiteit van sy

konsepsie sonder 'n menslike vader. In 'n samevattende evaluering van die getuie-
nis kan gestel word dat die res van die Nuwe Testament swyg oor die maagdelike
ontvangenis. Hierdie stilswye sou egter verkeerd geïnterpreteer word as gedink sou
word dat geen ander outeur van die Nuwe Testament daarvan geweet het nie, of dat
die historisiteit van die maagdelike ontvangenis daardeur as non-eksistent verklaar
sou kon word. Ons het geen manier om vas te stel hoe wyd verspreid die geloof aan
die maagdelike ontvangenis van Jesus in Nuwe-Testamentiese tye was nie. In die
prediking, en by implikasie in die ander Nuwe-Testamentiese geskrifte, sou dit net
ter sprake gekom het as die Christologiese betekenis daarvan besef was. Die swye
van die res van die Nuwe Testament bevraagteken egter wel die teorie dat die her-
innering aan die maagdelike ontvangenis deur Jesus se familie oorgelewer is aan
die apostoliese predikers, en universeel aanvaar is as 'n fundamentele Christelike
geloofsoortuiging (vgl Brown 1979:517-521).

3. AFSLUITENDE OPMERKINGS

Die problematiek rondom die geslagsregister van Jesus Christus en die kerklike
leerstuk oor sy maagdelike geboorte, om die gebruikelike term te gebruik, het in die
Fakulteit Teologie (Afd A), Universiteit van Pretoria, reeds baie jare terug aandag
geniet in onder andere twee doktorsale proefskrifte: Enersyds dié van A S Geysler
(Nuwe Testament) en dié van P J T Koekemoer (Dogmatiek). Sederdien is daar,
sover my kennis strek, nie veel debat oor hierdie sake aan die Universiteit van
Pretoria gevoer nie. Reeds uit die enkele resente oorsese publikasies wat ek
genoem het, blyk egter dat daar elders in die wêreld indringend oor hierdie kwessies
debat gevoer word, en dit sal ons seker ook nie veel langer gespaar bly nie. Ook nie
die debat wat ten nouste daarmee saamhang, naamlik die verhale en teorieë oor die
buite-egtelike verwekking van Jesus deur Josef of 'n ander menslike vader nie (vgl
Schaberg 1987). Hierdie kwessies kan ook nie geskei word van die huidige oplewing
in Suid-Afrika van die navorsing oor die sogenaamde historiese Jesus nie (vgl Van
Aarde 1993). Anders gestel, ons sal hierdie debat nie kan ignoreer nie. Te min
inligting, te laat vir die kerk, kan soms katastrofaal wees.

In die proses sal seker met 'n paar sake rekening gehou moet word in die
geledere van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika: Daar sal gewaak moet
word teen 'n oordrewe vrees om iets anders as die tradisionele standpunte te stel.
Hierdie kerk is immers 'n Reformatoriese kerk. Andersyds is daar ook so iets soos
gesonde verstand wat leer dat dit dikwels kontra produktief is om oorhaastig met
nuwe insigte vorendag te kom in 'n gemeenskap wat nie daarop voorberei of nog nie
daarvoor gereed is nie. Gesonde verstand leer dat te veel te gou kontra produktief
kan wees: die hoorder of leser begryp nie waaroor dit gaan nie en slaan heeltemal

toe! Die ontvanklikheid van die hoorders moet dus deeglik in aanmerking geneem word. 'n Antwoord op die vraag hoe kinders verwek word, word naamlik verskillend gegee wanneer die vraesteller 'n kleuter of 'n tiener is – om van 'n mediese student nie eers te praat nie! Nie in een van die gevalle word 'n onjuiste antwoord gegee of iemand bedrieg nie, maar daar word rekening gehou met die ontwikkelingspeil en verwysingsraamwerk van die hoorder of leser.

Literatuurverwysings

- Brown, R E 1979. *The birth of the Messiah: A commentary on the infancy narratives in Matthew and Luke*. New York: Doubleday.
- 1986. *Biblical exegesis and church doctrine*. London: Chapman.
- Dunn, J D G 1987. The birth narratives, in Dunn, J D G, James, D G & Mackey, J P (eds), *New Testament theology in dialogue*, 65-71. London: SPCK. (Biblical Foundations in Theology.)
- Geyser, A S 1946a. Die geslagsregister van Jesus Christus. DD-proefskrif, Universiteit van Pretoria.
- 1946b. Die geslagregister (sic!) van Jesus Chistus: Opsomming van die proefskrif van A S Geyser volgens Matth 1:1-17 en Luk 3.23-28. *HTS* 3, 1-66.
- Koekemoer, P J T 1958. Die dogma van die parthenogenesis en sy betekenis vir die Reformatoriese en Rooms-Katolieke dogmatiek. DD-proefskrif, Universiteit van Pretoria.
- Patte, D 1979. *What is structural exegesis?*. Philadelphia: Fortress. (Guides to Biblical Scholarship: New Testament Series.)
- 1987 *The Gospel according to Matthew: A structural commentary on Matthew's faith*. Philadelphia: Fortress.
- Schaberg, J 1987. *The illegitimacy of Jesus: A feminist theological interpretation of the infancy narratives*. San Francisco: Harper & Row.
- Van Aarde, A G 1993. Recent developments in South African Jesus research: From Andrie du Toit to Willem Vorster. *HTS* 49, 397-423.